SCHEFFLER AKTUARIEEL

OPGAWE 2: OPDRAG VIR `N ONDERHOUDSEIS

(Vir geskeide gades en minderjariges aan wie die oorledene onderhoud betaal het)

Die onderstaande items word normaalweg benodig om `n eis te bereken in gevalle waar die oorledene tydens sy dood ‘n onderhoudsverpligting gehad het.Daar is soms ander relevante omstandighede wat in ag geneem moet word, spel dit asseblief in die laaste paragraaf of in `n aparte dokument uit. Tik of skryf gerus die inligting op dié blad in en e-pos of faks dit aan ons.

OORLEDENE

1. Volle name en van.

2. Geboortedatum

3. Datum van dood

BEGUNSTIGDE(S)

4. Vir wie se onderhoud word daar geëis? Geskeide gade? Slegs minderjarige(s)? Elke eiser se verwantskap met oorledene.

5. Oorspronklike bedrag van onderhoud; afskrif van die onderhoud- of egskeidingsbevel en alle latere bevele of ooreenkomste. **Alle verhogings of verlagings in die onderhoud (onderhoudsbevel of vrywillig).** Laaste bedrag onderhoud betaal en datum waarop dit vasgestel is. Redes indien onderhoud nie betaal is nie.
Indien die oorledene nie reeds voor sy dood ‘n onderhoudsplig gehad het nie, is die inligting op hierdie vorm onvoldoende en benodig ons ook inligting omtrent die oorledene se inkomste en omstandighede voor sy dood (soos vir ‘n eis vir ‘n langslewende gade) en ook die minderjarige afhanklike(s) se omstandighede voor en na dood. Gebruik asb. Opdragvorm 1 daarvoor.

MINDERJARIGE(S) – vir elke minderjarige

6. **Naam.**

7. **Geboortedatum**

8. Huidige **standerd op skool.**

9. Gesondheidstoestand, indien nie normaal nie.

10. Minderjariges se onderhoud word normaalweg tot ouderdom 18 bereken. Indien daar eenstemmigheid of bewys is dat die oorledene tydens naskoolse opleiding onderhoud sou betaal het en dat die minderjarige(s) die nodige skolastiese vermoëns daarvoor het, moet u die omstandighede uiteensit, anders bereken ons ‘n normale eis tot op die datum(s) wanneer die minderjarige(s) waarskynlik skool sal verlaat.

11. **In wie se sorg** was die minderjariges voor en na die oorledene se dood?

EISER(ES), OUER of VOOG se besonderhede

12. .**Naam en verwantskap** met oorledene.

13. **Geboortedatum** indien die ouer of voog (ook) ‘n onderhoudseis het.

ALGEMEEN

14. Afskrif van die testament (of detailbesonderhede van wie wat erf).

15. Het die oorledene, nou of vroeër, **onderhoud aan iemand anders betaal**. (Indien wel, verstrek die bedrag van die onderhoud, egskeidingsbevel of skikkingsakte en besonderhede van die ontvangers van die onderhoud).

16. Enige **ander betalings of bydraes** wat die oorledene ten opsigte van die afhanklike(s) gemaak het, volgens die egskeidings-/onderhoudsbevel of vrywillig. (Bv. mediese fonds, mediese kostes, skoolfonds, na-skoolse opleiding, sakgeld, klere, ens.)

17. Alle **voordele buite die boedel** wat die gade of minderjariges mag toeval. (Pensioenfonds, polisse of ander.) Meld `geen` indien daar nie is nie.
NB : Hou die eis oor tot hierdie inligting bekend is.

18. Was die eisers lid van ‘n **mediese fonds**? Hoe het dit verander na dood?

19. **Netto bedrag van die boedel.** (‘n L&D-rekening is verkieslik, maar ‘n raming van die netto waarde van die boedel is soms voldoende)

20. Wie beredder die boedel en wie betaal vir die koste van ons verslag?

21. **UITGANGSPUNT VAN DIE BEREKENING**

Die uitgangspunt, waarvolgens ons die eise bereken, is dat die boedel se enigste billike aanspreeklikheid ten opsigte van onderhoud is om die ontvanger van die onderhoud in dieselfde finansiële posisie te plaas asof die oorledene nog geleef het. Indien daar aspekte is wat hierdie uitgangspunt beïnvloed, moet u dit asseblief uitwys.

t: 021 976 3255 **f:** 021 976 9321
e: eise@onderhoudseise.co.za **w:** www.onderhoudseise.co.za